Afrikaans

BLY VEILIG

WORD INGEËNT OM SUID-AFRIKA TE RED

SAAM KAN ONS DIE KORONAVIRUS OORWIN

# VAN MAN TOT MAN ENTSTOFGESPREK

## KOVID-19 EN SEKS

**Kan die KOVID-19-entstof erektiele disfunksie veroorsaak?**

**NEE.**

KOVID-19-entstowwe veroorsaak nie erektiele disfunksie of onvrugbaarheid nie. Aan die ander kant, om KOVID-19 aan te steek:

- kan erektiele disfunksie en onvrugbaarheid in mans veroorsaak.
- kan jou risiko om erektiele disfunksie (ED) te ondervind met byna ses keer verhoog.

## WAAROM STERF MEER MANS?

**Meer (ouer) mans as vroue sterf as gevolg van KOVID-19-infeksie omdat:**

- mans biologies meer vatbaar vir KOVID-19 is.
- mans dalk nie betyds mediese hulp kry nie.
- minder mans as vroue ingeënt word.

Kom moedig ons medebroers en vriende aan om ingeënt te word sodat ons onsself en ons geliefdes kan veilig hou.

## HOE OM IN TE ENT?

Moenie langer wag as jy 12 jaar of ouer is nie! Word by 'n lokaal naby jou ingeënt. Jy hoef nie eens te wag vir 'n SMS wat stel waarheen en wanneer jy moet gaan nie.

- Bring jou ID, paspoort, asiel- of vlugtelingnommer.
- Enige vrae? Skakel 0800 029 999. Ons is hier vir jou.

| MITES | REGTE FEITE |
|---|---|
| **Mite:** KOVID-19-entstowwe maak dood. | Suid-Afrika het die mylpaal van 22 miljoen inentings wat toegedien is, oorskry.<br><br>Daar is geen entstofverwante sterftes nie. Entstowwe verminder die risiko van ernstige siekte, hospitalisasie en dood verwant aan. |
| **Mite:** Jy kan KOVID-19 van die entstof kry. | Nee! Jy kan nie KOVID-19 van die entstof kry nie want dit bevat nie die virus nie. |
| **Mite:** Ek is nie in gevaar vir ernstige KOVID-19-komplikasies nie, so ek het nie die entstof nodig nie. | Entstowwe verminder jou risiko van ernstige siekte, maar jy kan steeds die siekte opdoen en dit aan ander versprei, so dis belangrik dat jy ingeënt word. |
| **Mite:** Die entstof sal my DNS verander. | Entstowwe verander nie jou DNS nie. |
| **Mite:** Die entstowwe is die merk van die Dier - 666. | Entstowwe is gebaseer op die beste wetenskap en het geen verbintenis met enige godsdienstige of geestelike sake nie. |

**WHATSAPP-ONDERSTEUNING**
**0600 123 456**
**NOODNOMMER**
**0800 029 999**
**sacoronavirus.co.za**

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2030 NDP

NHTKL
National House of Traditional & Khoi-San Leaders